GO GEORGE

# Roetebeplanning

## Van Kervel Skool

**Vanaf PACALTSDORP:**
Neem Roete 1A, 1B, 60 of 60A en klim oor op Roete 24 Loeriepark by die Meade-halte (wit kerk), Outeniqua-halte 818 Platform B voor Hoërskool Outeniqua, of by die George Transport Hub. As jy die korter Roete 1C neem, kan jy net by die George Transport Hub oorklim op Roete 24, aangesien 1C 'n korter pad ry na die George Transport Hub toe deur in Hibernia-straat regs te draai uit Yorkstraat uit. Roete 1C ry soggens net 3 ritte wat om 05:25, 06:18 en 07:15 vanaf die Protea-terminus vertrek.

**Vanaf BLANCO**
Neem Roete 2 Blanco en klim oor op Roete 24 Loeriepark by die George Transport Hub.




Roete 24 Loeriepark ry van die middedorp hierlangs Mall toe, en ook van die Mall af weer agter die skool verby dorp toe. Hierdie is jou aansluitingsroete wat jou tot by die skool neem.

**Vanaf ROSEMOOR:**
Neem Roete 53 of 53B en klim af by die Mission-halte voor Tile Africa. Gebruik die voetoor-gang by die verkeerslig en loop oor na die Fairview-halte in Tweedestraat waar jy op Roete 24 Loeriepark kan klim. Jy sou ook die laaste stukkie skool toe kon loop as jy wil - dis net 3 blokke ver.

**Vanaf PACALTSDORP**
Jy kan ook met Roete 12 Mall toe ry en daar op Roete 24 Loeriepark klim.

### ROETES TERUG HUIS TOE NA SKOOL:

Klim op Roete 24 in die rigting van die middedorp by die Rose-bushalte agter die skool in Standerstraat.

**Vir BLANCO:** Ry tot by die George Transport Hub en klim oor op die roete waarmee jy soggens inry van die huis af.

**Vir PACALTSDORP:** Ry tot by die Memoriam-bushalte voor Kingfisher Restaurant en stap om na die Cathedral D-halte in Memoriamstraat om op jou betrokke bus na Pacaltsdorp oor te klim.

**Vir ROSEMOOR:** Klim af by die Fairview-bushalte in Eerstestraat, loop om die draai na die Mission 221-bushalte in Missionstraat en neem een van die Rosemoor-roetes huis toe.

GEORGE
THE CITY FOR ALL REASONS

Western Cape Government


Call Centre: 0800 044 044
info@gogeorge.org.za | www.gogeorge.org.za
GoGeorgeZA | @GoGeorgeZA